



**REKENINGKUNDE: VRAESTEL I**

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 2 uur

200 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n Inligtingsboekie van 9 bladsye (i–ix) met 'n verhoudingsblad op bladsy i. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord die vrae in die ruimte wat voorsien word.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Jy mag **nie** groen of rooi ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
6. Alle berekeninge moet tot twee desimale plekke afgerond word.
7. Die puntetoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

	Moontlike punte	Werklike punte	Nasiener se handtekening	Moderator se handtekening
<b>Vraag 1: Voorraadstelsels (19 minute)</b>	<b>32</b>			
<b>Vraag 2: Maatskappy Finansiële State (42 minute)</b>	<b>70</b>			
<b>Vraag 3: Kontantvloeiestate (30 minute)</b>	<b>50</b>			
<b>Vraag 4: Vervaardiging (29 minute)</b>	<b>48</b>			
<b>TOTAAL</b>	<b>200</b>			Kontroleerder

**VRAAG 1 VOORRAADSTELSELS****(32 punte, 19 minute)****Verwys na die inligting aangaande Weighcomm Scales.**

- 1.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 31 Julie 2016 deur die EIEU-metode te gebruik.

(5)

- 1.2 Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Julie.

(4)

- 1.3 Bereken die bruto wins wat Weighcomm Scales gemaak het vir die jaar geëindig 31 Julie 2016.

(6)

- 1.4 Toe 'n interne oudit gedoen is, het die ouditeur vermoed dat voorraad gesteel is, aangesien al die skale wat gedurende die jaar eindigende 31 Julie 2016 deur Weighcomm Scales verkoop is, teen R3 800 (BTW uitgesluit) elk verkoop is. Bereken of voorraad gesteel is of nie.

(4)

1.5 Mark Epstein, die eienaar, is baie bekommerd daaroor dat verkope hierdie jaar geweldig afgeneem het en dat dit lyk asof voorraad vir langer tydperke in die pakhuis bly. Die 2015-voorraadomsetsnelheid was 5,6 keer.

1.5.1 Bereken die voorraadomsetsnelheid vir die jaar vir 2016.

(4)

1.5.2 Lewer kommentaar oor die voorraadomsetsnelheid wat in Vraag 1.5.1 hierbo bereken is en verduidelik waarom dit 'n probleem vir die onderneming kan inhou.

(2)

1.6 Bereken die uitset-BTW wat die onderneming gedurende die jaar in rekening sou moes bring.

(3)

1.7 Ontleed die transaksie wat in die kredietnota op 31 Julie 2016 in die tabel hieronder weerspieël word. **Gebruik +/- en bedrag** onder die rekeningkundige vergelyking.

Rekening te debiteer	Rekening te krediteer	Bates	Eienaars-belang	Laste

(4)

**VRAAG 2****MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE****(70 punte; 42 minute)****Verwys na die inligting aangaande Impumelelo Beperk.**

- 2.1 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar eindigende 31 Oktober 2016.

**Impumelelo Beperk**  
**Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat)**  
**vir die jaar eindigende 31 Oktober 2016**

Verkope (2 435 000)	
Koste van verkope (1 521 875)	
Bruto wins	<b>Moenie hierdie bedrag invul nie</b>
Plus: Ander inkomste	
Huurinkomste (144 313)	
Bruto inkomste vir die jaar	<b>Moenie hierdie bedrag invul nie</b>
Min: Bedryfsuitgawes	<b>Moenie hierdie bedrag invul nie</b>
Ouditgelde (25 000)	
Direkteursgelde (159 600)	
Diverse uitgawes	116 649
Salarisse (240 000)	
Oninbare skuld	11 594
Verlies op verkoop van bate (6 000)	
Bedryfswins vir die jaar	<b>Moenie hierdie bedrag invul nie</b>
Rente-inkomste (9 050)	
Bedryfswins voor rente-uitgawe	<b>Moenie hierdie bedrag invul nie</b>
Rente-uitgawe	
Netto inkomste voor belasting	<b>Moenie hierdie bedrag invul nie</b>
Belasting vir die jaar (289 000)	
Netto inkomste na belasting	<b>Moenie hierdie bedrag invul nie</b>

(33)

2.2 Voltooi die aantekeninge by die finansiële state soos op 31 Oktober 2016.  
**NB: Impumelelo Beperk toon al hul bedryfslaste onder Handels- en ander betaalbare bedrae en nie afsonderlik in die Balansstaat nie.**

2.2.1 **Handels- en ander ontvangbare rekeninge**

Netto handelsdebiteure	
Debiteurekontrole (161 969)	
Min: Voorsiening vir oninbare skuld (7 930)	
	<b><u>Moenie hierdie bedrag invul nie</u></b>

(5)

2.2.2 **Gewone aandelekapitaal**

	Gewone aandele teen	per aandeel	<b>2 587 500</b>
	Gewone aandele teen	per aandeel	
	Gewone aandele teen	per aandeel	
	Gewone aandele teen	per aandeel	

(12)

2.2.3 **Handels- en ander betaalbare bedrae**

Krediteurekontrole (229 120)	
Krediteure vir salarisse (25 100)	
SAID: LBS (12 050)	
Werkloosheidversekeringsfonds (979)	
Bankoortrekking (32 740)	
	<b><u>Moenie hierdie bedrag invul nie</u></b>

(20)

**VRAAG 3 KONTANTVLOEISTATE**

**(50 punte, 30 minute)**

**Verwys na die inligting aangaande Claxton BPK.**

3.1 Bereken die **dividende betaal** soos dit in die kontantvloeistaat op 31 Julie 2016 sou verskyn het.

Dividende betaal	

(4)

3.2 Bereken die beginsaldo van die SAID-inkomstebelastingrekening op 1 Augustus 2015. Dui aan of hierdie bedrag 'n belastingbate of belastinglas sal weerspieël.

(5)

3.3 Bereken die boekwaarde van die verouderde toerusting.

(6)

3.4 Hoeveel het Claxton BPK vir die nuwe toerusting betaal?

(5)

3.5 Voltooi die kontantvloei uit **finansieringsaktiwiteite** soos dit in die kontantvloei-staat op 31 Julie 2016 sou verskyn het.

<b>Kontantvloei uit FINANSIERINGSAKTIWITEITE</b>	<b>145 250</b>
Terugkoop van aandele	?
Opbrengs van nuwe aandele	?
Opbrengs van nuwe lenings	?
Terugbetaling van bestaande lenings	?

(9)

3.6 Voltooi die aantekening vir kontant en kontantekwivalente soos dit in die kontantvloei-staat op 31 Julie 2016 sou verskyn het.

	<b>Netto verandering</b>	<b>31 Julie 2016</b>	<b>31 Julie 2015</b>
Bank	?	12 500	?
Kleinkas	500	2 000	1 500
	?	?	?

(5)

3.7 Bereken die saldo op die rekening vir behoue inkomste op 31 Julie 2016.

R1 035 000
------------

(6)

3.8 Claxton BPK stel baie belang daarin om 'n klein maar winsgewende onderneming in Australië te koop vir R3 miljoen. Die direkteur is bekommerd oor die ekonomiese situasie in Suid-Afrika, veral die stygende koste van finansiering en onstabiliteit van die wisselkoers. Die bank het die finansiering vir die aankoop teen 'n rentekoes van 13,25% p.j. goedgekeur.

3.8.1 Bereken die opbrengs op totale kapitaal aangewend (ROTCE) op 31 Julie 2016. Gebruik gemiddelde kapitaal aangewend in jou berekening.

--

(5)

3.8.2 Indien Claxton BPK besluit om voort te gaan en die finansiering van R3 miljoen te aanvaar, sal sy skuld-tot-ekwiteit-verhouding toeneem van 0,21 : 1 (huidige waarde) tot 0,9 : 1. Dui aan of Claxton BPK met die aankoop van die onderneming moet voortgaan of nie met verwysing na risiko en hefboomfinansiering en enige ander oorwegings wat jy dink belangrik is.


(5)

<b>50</b>



**VRAAG 4                      VERVAARDIGING**

**(48 punte, 29 minute)**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele.**

**DEEL A**

**(38 punte)**

**Verwys na die inligting aangaande Thorndon Vervaardigers.**

4.1     Bereken die direkte materiaal wat aan die produksieproses uitgereik is.

--

(7)

4.2     Bereken die koste van produksie van klaarprodukte.

--

(4)

4.3     Voltooi die fabrieksbokoste-aantekening hieronder in die produksiekostestaat vir die jaar eindigende 30 September 2016.

**Thorndon Vervaardigers  
Aantekeninge by die produksiekostestaat vir die jaar eindigende  
30 September 2016**

**Aantekening 3: Fabrieksbokoste**

Huur (	
Versekering (	

(18)

**Aantekening 5: Verkoops- en verspreidingskoste**

Huur	171 000
Versekering	59 520
Telefoon	12 500
Indirekte arbeid	?
Indirekte materiaal	?
?	?
	?

(6)

4.4 Met die afswaai in die Suid-Afrikaanse ekonomie is Thorndon Vervaardigers bekommerd dat hulle sal sukkel om wins te maak in 2017 en dus oorweeg hulle dit om op te hou om hul alarms aanlyn te verkoop, aangesien dit nie hul kern-/hoofbesigheid is nie. Verduidelik kortliks een voordeel en een nadeel wat hierdie besluit vir hul winsgewendheid in 2017 sal inhou en verduidelik watter besluit jy dink hulle moet neem.

<p>Voordeel:</p>  <p>Nadeel:</p>  <p>Besluit:</p>
---

(3)

**DEEL B**

**(10 punte)**

**Verwys na die inligting aangaande Sakke Vol Pret.**

4.5 Bereken die gelykbreekpunt vir Sakke Vol Pret op 31 Oktober 2016.

--

(6)

4.6 Verduidelik of jy dink Maria moet bekommerd wees oor die winsgewendheid en volhoubaarheid van haar onderneming of nie. Verskaf twee redes en regverdig jou antwoord deur ondersteunende syfers te gee.


(4)

48

**Totaal: 200 punte**